# Bybel Avonture vir Jong Lesers




## Ek kan teks Lees

**Kyk, Hy kom met die wolke, en al die mense sal Hom sien... Ja, dit is seker! — Openbaring 1:7, 8**

## My Storie

Tasha staan in die deuropening van haar kamer en frons. Dit sal net nie doen nie, het sy by haarself gedink. Ek moet 'n paar groot veranderinge maak! Moeder het haar nounet vertel dat tannie Dorothy kom kuier en sy sal na aandete opdaag. Dit het Tasha altyd opgewonde gemaak omdat sy tannie Dorothy baie liefhet en dit geniet om saam haar te wees wanneer sy van die groot stad af reis om tyd saam met hulle op die platteland te spandeer. Tannie Dorothy het daarvan gehou om stories uit Tasha se gunsteling boeke te lees, en lank saam met haar loop in die bos agter die huis. Hulle sal luister na die voëls wat sing en kyk hoe die eekhorings in die takke bo rondspeel. Soms het hulle selfs 'n piekniek middagete gemaak en gestap na die meer toe om dit daar te eet. Ja, tannie Dorothy was een van Tasha se gunsteling mense op aarde.

Maar daar was 'n probleem. Tannie Dorothy het altyd in Tasha se slaapkamer geslaap, wat OK was, want Tasha het saam met die hond op die sitkamerbank geslaap. Die probleem was dat Tasha se kamer gelyk het asof 'n orkaan daardeur geblaas het. Tannie Dorothy hou daarvan dat dinge skoon en netjies moet wees.



Dit is nie presies hoe Tasha se kamer op die oomblik gelyk het nie. Dus, met 'n gretige glimlag, het Tasha haar moue opgerol en besig geraak. Sy het al haar vuil klere van die stoel af gehaal en uitgedra na die waskamer. Sy het haar vullisblik leeggemaak, wat sy ontdek het is nognie sedert Kersfees leeg gemaak nie omdat daar nog stukkies toedraai papier in was met sneeumanne op gedruk.

Toe sy die bokant van haar lessenaar skoonmaak, het sy die hare borsel waarna sy al drie weke lank soek, gevind. Tasha het die hele middag hard gewerk, gevee, afgestof, en gestofsuig. Elke keer wanneer sy moeg raak, het sy net gedink aan tannie Dorothy en hoeveel pret hulle saam gaan hê. Dan sal sy weer aan die werk kom. Uiteindelik het haar kamer soos 'n nuwe muntstuk geskyn. Weg was die stapels papier in die hoek. Weg was die lekkergoed papiere en ou kartonbokse onder die bed. Weg was die geskeurde broek en swetende T-hemde wat sy verlede week gedra het. Weg was die kuns handewerk wat sy begin het en nooit klaar gemaak het nie. Wat agter gelaat is, was 'n kamer wat gereed was om ‘n liefdevolle, wonderlike gas te ontvang. "Wow!" Het mamma gesê toe sy sien wat Tasha gedoen het. **Jy het 'n mat!** Ek het vergeet dat jy hierdie matjie gehad het. En kyk net hoe mooi het jy die bed opgemaak. Geen voue nie. Tannie Dorothy sal so bly wees." Later daardie aand het tannie Dorothy en Tasha in die nuwe skoongemaakte kamer gesit en stories gelees uit die boeke wat netjies op 'n nabygeleë rak gerus het. Tasha het iets onthou wat haar pa gesê het. "Jesus kom gou," het hy by aanbiddingsuur aangekondig. "Is ons gereed om Hom te ontmoet?" Tasha het besef dat, net soos om haar kamer gereed te maak vir tannie Dorothy, het sy nodig gehad om dinge reg te kry voordat Jesus kan terug keer na hierdie ou aarde toe. Hoe dan? Deur haar slegte gewoontes skoon te maak; deur haar liggaam so gesond te hou soos wat dit kan wees; deur te dink oor hoe wonderlik dit sal wees om saam met Jesus in die hemel te lewe. Sy het geweet dit kan moeilik wees om als gereed te kry, maar dit sal die moeite werd wees!

## Pret Feite

**SKOON WASGOED**

*• Jy het nie eers seep nodig om meeste vragte te was nie. Die geroer van wasmasjiene doen dikwels die werk op sy eie.*

*• Sonlig bleik en ontsmet.*



# My Bybel Avonture

Ontsyfer die letters in die teksverse om die antwoorde op die vrae te kry. As jy hulp nodig het, die teksverse word in die **BIBLIOTEEK** gevind. Maar kyk of jy dit kan doen sonder enige hulp.

Toe Jesus Sy dissipels verlaat en teruggekeer het na Sy Vader in die Hemel, het Hy 'n belofte gemaak. Wat het Hy gesê?

"En as Ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het (MKO) ___________ Ek (RUEGT) ___________ en sal julle na (YM) __________ toe neem. **(Johannes 14:3).**

Soos wat sal dit lyk wanneer Jesus terug kom?

"Kyk, Hy kom met die ___________ (LEKOW) en al die mense sal Hom sien"**(Openbaring 1:7).**

Watse klanke sal ons hoor wanneer Jesus terug kom?

"Wanneer die ___________ (BELVE) gegee word en die ___________ (MEST) van die aartsengel en die _____________ (POTMERT) van God weerklink" **(1 Tessalonisense 4:16).**

Wie sal Jesus sien terugkeer op hierdie aarde?

"En al die (NEMSE) sal Hom sien" **(Openbaring 1:7)**

Wie weet wanneer Jesus sal terugkeer na die aarde?

"Maar_____________ (MIEANDN) ___________ (TEEW) wanneer daardie dag en uur kom nie. . . . Net die ___________ (DAVER) weet dit" **(Matteus 24:36).**

Wanneer moet ons gereed wees vir Jesus se wederkoms?

" Sorg dat jy___________ (TDYAL) reg is" **(Matteus 24:42).**

Maak 'n lys van drie maniere hoe jy gaan gereed maak vir Jesus om terug te kom. (Miskien gaan jy vriendelik wees teenoor iemand wat jou irriteer. Miskien kan jy iemand vergewe wat jou seergemaak het. Miskien moet jy beter sorg vir jou liggaam - God se tempel - sodat jou gedagtes duidelik kan wees.)

Hier is hoe ek gaan gereedmaak vir Jesus om terug te kom:

1. Ek gaan ____________________________________________
2. Ek gaan ____________________________________________
3. Ek gaan ____________________________________________

## My Gebed

**Dankie, Jesus, dat U belowe om terug te keer na hierdie aarde toe om ons almal na die hemel toe te neem. Ek wil gereed wees. Help my om raak te sien wat ek nodig het om te doen om reg te wees om U terug te verwelkom. Amen.**

## Biblioteek

- En as Ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is. **(Johannes 14:3).**
- Kyk, Hy kom met die wolke, en al die mense sal Hom sien. **(Openbaring 1:7).**
- Wanneer die bevel gegee word en die stem van die aartsengel en die trompet van God weerklink. **(1 Tessalonisense 4:16).**
- En al die mense sal Hom sien. **(Openbaring 1:7).**
- Maar niemand weet wanneer daardie dag en uur kom nie ... Net die Vader weet dit. **(Matteus 24:36).**
- Sorg dat jy altyd reg is." **(Matteus 24:42).**

## My Vriend Ellen Skryf

***"Ons moet die weg vir Hom voorberei deur ons deel te doen om mense gereed te kry vir die groot dag "(Review and Herald, 12 November 1914).***

Nie net moet ons werk om gereed te wees om Jesus te verwelkom nie, maar ons kan die vreugde hê om ander mense te help om ook reg te maak deur hulle te vertel dat Jesus binnekort sal kom.

## muntstuk vir jou gedagtes

**Hoe kan jy ander mense motiveer om gereed te maak vir Jesus se wederkoms?**